maar die hoofgroep het weswaarts na Kuruman en die Gamogara uitgewyk er later by Nokaneng noord van Witsand gaan woon vanwaar 'n vertakking tot aan die Oranjerivier deurgedring het en met die Nama en Koranna in die omgewing van Uizip verbroeder het (Wikar). By Nokaneng het die Tlhaping vir 'n geruime tyd in vrede gewoon, maar ook hier moes hulle voor die Koranna uitwyk. Hulle het na Kuruman teruggekeer en hulle onder die leiding van Molehabangwe by Dithakong gaan vestig. Onder die kapteinskap van Mothibi het hulle na Kuruman terug getrek. Die later geskiedenis van die Tlhaping is welbekend. Een vertakking het langs die Vaalrivier gaan woon. Die hoofgroep het Kuruman verlaat en na Taung getrek. Daarna verhuis hulle vir 'n kort tydperk na Mamusa maar keer weer terug na Taung waar hulle saam met die Ba-ga-Maidi tans nog woon.

Die Tlharo wat, soos reeds vermeld, by Danielskuil gewoon het, het mettertyd al hoe meer in die Langberge by Ditlou (Olifantshoek) saamgetrek vanwaar hulle na die opstand van 1897 na die Kurumanrivier moes versit.

Die Rolong moes ook voor die Koranna uitwyk. Hulle het sover as die Setlagolirivier teruggetrek. Later het die stam in 4 afdelings verbrokkel. Een van die vertakkings het na Platberg getrek en vandaar na Thaba Nchu verhuis. Die ander vertakkings het in die Mafeking- en Vryburg-distrikte bly woon.

Uiteindelik teen 1900 na vele omswerwinge het die onderskeie rassegroepe van die Tswana in Noord-Kaapland tot ruste gekom en hulle is in vaste woongebiede, die reservate, saamgetrek.

Oor die afgelope vyf eeue het die Tswana ongeveer driekwart van Noord-Kaapland bewoon. Die suidelike grens van hulle bewoning strek vanaf Bloemhof suidwaarts al langs die Vaalrivier na Kalkfontein noord van Douglas, na Campbell, Nokaneng en Tsebe aan die Oranjerivier. Vanaf Tsebe al langs die Oranjerivier na Uizip en daarvandaan in 'n noordoostelike rigting na Inkruip, die Gamotep- en Rogela-panne noordwaarts na die Kurumanrivier. Hiervandaan al met die Kurumanrivier tot by die plaas Matlapaneng vanwaar dit noordwaarts swenk tot aan die Moloporivier.

C. DIE XHOSA. Teen die end van die agttiende eeu het 'n aansienlike aantal Xhosa die oosgrens van die Kaapkolonie verlaat. Hulle omswerwinge is onbekend maar teen 1800 het een vertakking van die swerwers hulle verskyning in Noord-Kaapland gemaak (Kaart 5). Onder leiding van Danster het hulle langs die noordoewer van die Oranjerivier tussen Prieska en Upington rondgeswerf. 'n Ander vertakking het in die Karoo 'n woongebied gevind en in 1829 het die regering by Schietfontein (Carnarvon) en die Pramberg vesting aan hulle gebied om as 'n teenwig teen die roofsugtige Boesmanhordes te dien.

Om een of ander rede het van die Xhosa in die sewentiger jare hulle woonplekke verlaat en onder leiding van Donker Malgas na Prieska getrek waar hulle die Oranjerivier oorgesteek het en vir 'n geruime tyd in die omgewing van Koegas gewoon het. Later het Malgas met 'n aansienlike gevolg na die Middel-Oranjevallei getrek waar hy vriendskapsbande met die Koranna

aangeknoop het. Met die Koranna-oorlog het hy hom aan die kant van die Koranna geskaar. Dit was noodlottig vir die Xhosa. Hulle moes voor die regeringsmagte die Kalaharie invlug waar hulle deur Kaptein McLean agterhaal is, en in ŉ skermutseling is Donker Malgas doodgeskiet. Van die oorblywende Xhosa is na die Kolonie teruggestuur. Die afskilfering van die Xhosa in Koegas het mettertyd deur verbastering van die toneel verdwyn terwyl ander losstaande groepies in die Bosvasmaak-reservaat gevestig is.

Die Xhosa het geen bydrae tot die naamgewing in Noord-Kaapland gelewer nie behalwe enkele plekname wat na hulle woonplekke verwys, o.a. Lelykstat, Lelyksdam en Xosa. 1)

D. DIE BASOETO. Tydens die bestuur van Waterboer het verskeie groepies Basoeto hulle in Griekwaland-Wes gevestig. Hulle is later as Griekwa onderdane beskou. Die bekendste groep onder die leiding van Josef (Joe) Katlani het wes van die saamloop van die Oranje-en Vaalrivier gewoon (Kaart 5). Die Basoeto het geen bydrae tot die naamgewing in Griekwaland-Wes gelewer nie, behalwe die naam Katlani. 2)

DIE BASTERBEVOLKINGSGROEP.

A. DIE GRIEKWA. Die Griekwa het Noord-Kaapland teen 1800 binnegetrek en teen 1803 het hulle alreeds van die vernaamste waterbronne in die huidige Hay-distrik beset.

Tydens die laaste kwart van die agttiende eeu het hulle as afsonderlike groepe in die vallei van die Oranjerivier rondgeswerf. Nadat hulle in 1800 die rivier begin oorsteek het, het hulle getalle in die Hay-distrik steeds aangegroei en teen 1820 was bykans 90 persent van die Griekwabevolkingsgroep noord van die Oranjerivier. Na 1819 het Adam Kok en sy volgelinge na die suidwestelike Vrystaat verhuis en hulle teen 1825 by Philippolis gevestig.

Die gevolg was dat daar teen 1830 vier afsonderlike Griekwagebiede was, nl. 1. die gebied van Waterboer (Griekwastad); 2. Campbell en omgewing later beter bekend as die Campbell-Lande; 3. die gebied van Berend Berendse (Boetsap) 4. die gebied van Oos-Griekwaland in die Oranje-Vrystaat (Philippolis) onder beheer van Adam Kok.

Afgesien van staatkundige verwikkelings en veranderings wat later na 1850 plaasgevind het, het die Griekwa ŉ groot landsgebied bewoon en/of deur hulle bedrywighede beïnvloed. In Noord-Kaapland is hierdie gebied later as Griekwaland-Wes afgebaken en op 27 Oktober 1871 as Britse landsgebied geproklameer.

Genelogies staan die Griekwa nader aan die Hottentot-ras met ŉ inslag van blanke bloed aan die eenkant en Bantoe- en Boesmanbloed aan die anderkant. 3) As gevolg van hulle herkoms dan, het die Griekwa ŉ

---

1. V.R.V. 10. (Lichtenstein: Travels)? I. pp. 369, 341; V.R.V. 11. (Lichtenstein: Travels), II, pp. 220, 283; Borcherds: Memoirs, p. 93; Marais: Cape Coloured People, pp. 85-86; Laubscher: Artikel - Gordonia News, 29. 6. 1950; Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, pp. 18-21.
2. Sien Glossarium.
3. Stow: Native Races, pp. 317-403; Marais: Cape Coloured People, pp. 32-73; Van Tonder: Geel en Bruin, pp. 154-168; Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, pp. 21-29.

Khoisan dialek gepraat terwyl baie van hulle Hollandssprekend was. Mettertyd het Hollands voorkeur gekry. Dit het tot 'n vorm van Kleurling-Afrikaans ontwikkel wat bekend geword het as Griekwa-Afrikaans. Hulle spreekwyse het meegebring dat in hulle woongebied baie Koranname ver-Griekwa is terwyl hulle ook talle Afrikaanse name aan plekke gegee het.

B. DIE BASTERS. Die Basters het in die Onder-Bokkeveld gewoon en later langs die Sakrivier en die Kareeberge. As gevolg van die blanke veeboere se noordwaartse beweging het die Basters altyd verder noord getrek. Toe die Kareeberge in 1853 tot „trekvelden" verklaar is, het die Basters weer noordwaarts getrek. Een vertakking onder Hermanus van Wyk het na Boesmanland verhuis en daarvandaan is hulle na Namakwaland en Suidwes-Afrika. Baie van die Basters het in die omgewing van De Tuin saamgetrek en later as trekboere in Boesmanland rondgeswerf (Kaart 6). Sommige het selfs so ver as die Prieska-distrik beweeg. Een vertakking onder Bock (Bok) het deur Boesmanland na die Oranjerivier getrek. Bock is êrens langs die Hartbeesrivier oorlede en die leierskap is aan sy skoonseun Dirk Vilander opgedra. 1)

Onder die leiding van Vilander het die Basters in 1865 die Oranjerivier hoofsaaklik wes van Kakamas oorgesteek. Sommige het oor Wagenbrand, Boksputs en Swartmodder na Mier getrek. Hulle het die benede-loop van die Moloporivier bewoon maar hulle het later by Rietfontein gevestig. Nadat die Basters hulle by Rietfontein gevestig het, het hulle die hele gebied tussen Swartmodder, Witdraai, Eindpaal en Aroab (S.W.A.) as hulle woon- en weidingsgebied beskou. Hulle jagters het die droë beddings van die Aoub- en Nosobriviere gevolg tot by Kameelsleep en Geiab (Unie-end). Vanaf Geiab het sommige noordwaarts in die rigting van Ghansies gejag, ander weer het vanaf Kameelsleep na die Kwangpan jagtogte onderneem terwyl sommige die Moloporivier oos tot by Khuis en Bogogobo gevolg het. Teen 1900 het enkele Basterfamilies reeds in die huidige Gemsbok-Wildtuin rondgeswerf en waar water beskikbaar was, tydelik gewoon. Hierdie Basters het later teruggekeer maar die Bock (Bok) familie het in die saamloop van die Nosob- en Moloporivier gevestig by 'n put wat deur Bock gegrawe is, waar hulle afstammelinge tans nog woon. 2)

Die Vilander Basters het die hele westelike strook van Gordonia bewoon vanaf die Bokvasmaak Naturelle-reservaat noordwaarts na Vrouenspan en Witdraai daarvandaan al met die Nosobrivier na Geiab. In Suidwes sluit Aroab by Rietfontein aan. Baie Afrikaanse name in hierdie woongebied is van Basteroorsprong, terwyl Namaplekname òf vertaal òf omvorm is. 3)

Die Tweede Koranna-oorlog in 1879 het groot veranderings in Gordonia meegebring. Die Baster-trekboere van Boesmanland wat aan Regeringskant geveg het, is toegelaat om hulle aan die noordoewer van die Oranjerivier wes van Upington te vestig. Gevolglik het die „Gordonia Settlement" ontstaan wat as selfregerende gemeenskap sou ontwikkel. Plase is uitgemeet

---

1. Van Vreeden: Aantekeninge.
2. Ibidem.
3. Sien Hoofstuk II.

en aan die Basters toegeken. Teen 1800 was daar alreeds 200 Baster gesinne gevestig. 1) Dié Baster uitbreiding noordwaarts het later by die Rietfontein groep aangesluit.waarvolgens die hele landsgebied wes geleë van 'n lyn van Upington na Witdraai, alhoewel skraal bewoon, deur die Basters beïnvloed is (Kaart 6).

Ongeveer 50 persent van die oorspronklike Afrikaanse plekname in hierdie landsdeel is van Basteroorsprong. Ook in die distrikte van Kenhardt (Boesmanland) en Prieska is daar Afrikaanse plekname wat tydens hulle omswerwinge voor 1880 ontstaan het o.a. Rokoptel, Boksputs en De Tuin. 2)

DIE BLANKES.

Die verhuisingsgeskiedenis van die blankes na Noord-Kaapland kan gerieflikheidshalwe in drie periodes ingedeel word nl.:

A. Die tydperk van die jagters voor 1800.
B. Die tydperk van die sendelinge en reisigers, 1800-1828.
C. Die bewoningsperiode vanaf 1828.

A. DIE JAGTERS. Alhoewel Wikar beskou word as die eerste blanke wat die Middel-Oranjeriviervallei besoek het (1775) en selfs tot by Koeges (1779) gereis het, bestaan daar aanduidings dat blankes reeds die gebied voor Wikar besoek het. 3)

Na 1775 het lede van die veeboer-gemeenskap aan die noordwestelike grens van Kaapland die gebied besoek. So byvoorbeeld het die Vissers, Van der Westhuizens en die broers Kruger, selfs tot in die woongebied van die Tswana deurgedring waar hulle gejag en 'n ruilhandel vir ivoor met die inboorlinge gedryf het. Uit hierdie eerste tydperk het ons name soos o.a. Jan Bloemsfontein, 4) Prieskapoort, Prieskadrif, De Rode Gebroken Klip.

B. SENDELINGE EN REISIGERS. Die rol wat die sendelinge van die Londense Sending-genootskap in Griekwaland-Wes gespeel het, is welbekend. Daarbenewens het reisigers soos Burchell (1811-12), Campbell (1813), Thompson en die georganiseerde landtogte van Van der Graaf (1801) en Somerville en Truter (1805) deur die regering gesteun, ook hulle bydraes gelewer.

C. DIE BEWONINGSPERIODE VANAF 1828. Blanke veeboere het die Oranjerivier teen 1828 oorgesteek. Dit was die noordwaartse beweging van die veeboere voor die Groot Trek (1836). Enkele trekkers het die Oranjerivier wes van Hopetown oorgetseek en teen 1830 die omgewing van die Rietbospan (Salt Lake) en die Rietrivier bewei. Ander veeboere het die Oranjerivier verder oos van Hopetown oorgesteek en later by die pioniers van die westelike groep aangesluit. Mettertyd het hulle die vallei van die Modderrivier bewei en teen 1840 was hulle reeds by Vanwyksvlei (Boshof). Daarna (1842) het blankes die plase Spytfontein, Bultfontein, Wildebeeskuil en verskeie ander in die omgewing van Kimberley bekom en/of bewoon en teen 1860 was verskeie blankes reeds noord van die Vaalrivier waar hulle plase soos Gong-Gong of Waterval, Vansoelenslaagte, Khosopskraal e.s.m. bewoon het.

1. Marais: Cape Coloured People, pp. 74-108; Van der Merwe: Pioniers. p.96.
2. Van Vreeden: Aantekeninge.
3. Van Vreeden: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, XIV, p. 26.
4. Jan Bloem het ver-Koranna en leier van die Springbok Koranna geword.

Na die ontdekking van diamante (1866-71) het uitbreiding snel toegeneem vanuit die suide, suidooste en die ooste en na 1880 het blanke veeboere Gordonia binnegetrek. Teen 1930 was alle beskikbare plase in Noord-Kaapland opgeneem en/of bewoon terwyl die Bantoe in reservate gevestig is.

ontdekking van die diamantmyne (1870-71) het meegebring dat vreemde volkselemente Griekwaland-Wes binnegestroom het en Kimberley het die mees kosmopolitiese gemeenskap in Suidelike Afrika geword. Hierdie vreemde volkselemente sou mettertyd ook na die platteland versprei en ŉ bydrae tot die naamgewing van Noord-Kaapland lewer.

<u>OORVLEUELINGSGEBIEDE</u>.

Soos reeds aangedui was Noord-Kaapland en die omliggende distrikte een groot Boesmanland maar deur die eeue heen het ander bevolkingsgroepe in agtereenvolgende vlae na die landsgebied verhuis. Die nuwelinge het òf die oorspronklike bewoners verdring òf met hulle saamgewoon en selfs verbroeder. Die gevolg was dat die taal en kultuur van die verhuisers dié van die ouer gemeenskap oorvleuel het. Waar die verhoudings vreedsaam was, het integrasie ingetree wat mettertyd sy stempel op die betrokke volksgroepe afgedruk het, nl. wedersydse beïnvloeding het vorming en vervorming, vervaging en vernuwing laat geskied.

Dit het nie alleen die kultuur van die volksgroepe in die algemeen geraak nie maar die spreektaal in die besonder wat op sy beurt in die plekname van die oorvleuelingsgebied weerspieël word.

Oorvleueling het oor die hele Noord-Kaapland plaasgevind maar daar is dele wat deur ŉ paar volksgroepe agtereenvolgens oorvleuel is nl.: 1. die Oranjeriviervallei, 2. die westelike strook van Gordonia en 3. Griekwaland-Wes. Twee kerngebiede word onderskei nl.: die Oranjeriviervallei en die noord-oostelike deel van Griekwaland-Wes (kaart 7).

Vervolgens word twee hoof taalgroepe onderskei: die Khoisansprekendes (die Boesman buite rekening gelaat as ŉ volksgroep wat mettertyd van die toneel verdwyn het) en die Tswanasprekendes. Die oorvleuelingsgebied hier, wat ŉ kerngebied is, is geleë in die suid-sentrale gedeelte van Noord-Kaapland en die suidwestelike Transvaal (Kaart 8).

Waar die taalvermenging in die Oranjeriviervallei, soos weerspieël in die plekname, ŉ natuurlike ontwikkeling van oorvleueling van homogene elemente was, was dit in die kernstreek in Noord-Kaapland en Suidwes-Transvaal een van vervaging en vervorming as gevolg van heterogene (Khoisan-Tswana) elemente.

Mettertyd het die blankes, hoofsaaklik Afrikaans- en Engelssprekendes, die hele landsgebied oorvleuel. Nie alleen het hulle ŉ reuse bydrae tot die naamgewing gelewer nie maar hulle het ook nuwe probleme geskep deur vervaging en omvorming van oorspronklike plekname.

Om enigsins ŉ beeld van dié ontwikkeling te kry moet die aard en oorsprong van dié plekname nader ondersoek word.

---


**KAART 1**

**NOORD-KAAPLAND**

**BOESMANBEWONING**

- Rivierbewoners
- Koloniebewoners
- Vlakte- en Heuwel-bewoners
- Kalahariebewoners

Kaart deur B.P. van Vreeden.




KAART 2

NOORD-KAAPLAND.

BEWONING EN OORVLEUELING

- ⊙ Primitiewe Tswana
- △ Primitiewe Nama
- ◐ Saan
- ▲ Nama (later)

Kaart deur B.F. van Vreeden.




KAART 3

Volgens Wikar 1775-79

◐ BEWONINGSGEBIED

1. Jabiesierivier (Klein pella)
2. Kamas (Pella)
3. Chabous (Coboop)
4. Oup
5. Kaykoop (Beenbreek)
6. Swartmodder
7. Eyas. (Yas)
8. Narries.
9. Kougaas (Seekoeisteek)
10. Toelykamma (Gamceip)
11. Nawaptana (Renosterkop)
12. Kamkoa (by Kakamas)
13. Hosabees
14. Moeboes

Kaart deur B.F. van Vreeden.



KAART 4


NOORD-KAAPLAND


BEWONING EN OORVLEUELING

Tswana

Koranna

Kaart deur B.F. van Vreeden




KAART 5
NOORD-KAAPLAND
XHOSA EN SOTHO
Xhosa (voor 1800)
Xhosa (1870-1880)
Riemvasmaak Reservaat
Gemengde inboorling-bevolking (delwerye)
Sotho
Kaart deur R.F. van Vreeden.
SUIDWES-AFRIKA
TRANSVAAL
ORANJE-VRYSTAAT
Aroab
R
Kir
Vc
M
Vry
SeR
T
B
KIM
G
N
Pr
H
Up
K
Ke
Pof
Di
Ku
20
22
24
26
25
27
29

KAART 6

NOORD-KAAPLAND

BEWONING EN OORVLEUELING


BASTERGROEPE

Griekwa

Griekwa (na 1820)

Basters

Kaart deur B.F. van Vreeden.




KAART 7

NOORD-KAAPLAND

OORVLEUELI GSGEBIEDE

- Tswana
- Koranna
- Griekwa
- Nama
- Basters

Kaart deur B.B. van Vreeden.



KAART 8


NOORD-KAAPLAND

OORVLEUELING VAN:

Tswanasprekendes

Khoisansprekendes

Kaart deur B.F. van Vreeden.



# H O O F S T U K II.

## DIE AARD EN ONTSTAAN VAN DIE NAAMGEWING IN NOORD-KAAPLAND TEEN 'n HISTORIESE AGTERGROND.

Die Boesman.

Die Saan.

Die Nama en Koranna.

Die Bantoe.

Die Griekwa.

Die Basters.

Die Blankes.

Naamgewing by die Afrikaner.

Plek- en Plaasname.

Naamgewing by die Engelssprekende Afrikaner.

Die Sendelinge.

Reisigers en Ontdekkers.

Engelssprekende handelaars voor 1867.

Die Albanie-Projek 1867.

Ontdekking van Diamante.

Stellaland en Gosen.

Gordonia.

Kuruman: Olifantshoekwyk.

Naamgewing by die Duitssprekendes.

Delwersplekname; Plaasverdeling; Wykname op geproklameerde delwerye; Skimp- en Spotname op die delwerye.

Persoonsname.

Die Bybelnaam as Pleknaam.

Die Uitheemse Plek- en Plaasnaam.

Uitheemse name by die Afrikaanssprekende Afrikaner.

Uitheemse name by die Duitssprekende Afrikaner.

Uitheemse name by die Engelssprekende Afrikaner.

--oo0oo--

## HOOFSTUK II.

## DIE AARD EN ONTSTAAN VAN DIE NAAMGEWING IN NOORD-KAAPLAND TEEN ŉ HISTORIESE AGTERGROND.

Naamgewing is ŉ natuurlike uitvloeisel by die spraakmakende gemeenskap om te onderskei en te bepaal, en die taal, ŉ funksionele ontwikkeling by die mens om sy begeertes, gedagtes en ondervindings mee te deel, 1) dien as middel om dit te omskryf.

Die aard en ontstaan van plekname dan berus enersyds op die menigvuldige volksbedrywe d.w.s. die leefwyse, en andersyds op die volksaard, volksgeloof en die mitologie van die spraakmakende gemeenskap. Waar die gemeenskap homogeen is, bied die klassifisering en ontleding van die plekname nie so ŉ uiteenlopende hoeveelheid moeilikhede nie as in ŉ gemeenskap van heterogene herkoms waar verskeie volksgroepe met ŉ eie taal en kultuur oor ŉ lang tydperk mekaar oorvleuel het, en waar plekname soms so omvorm en vervaag het dat ontleding en afleiding uiters problematies is.

Dit lê die naamgewing in Noord-Kaapland ten grondslag dat oor ŉ tydperk van ongeveer vyf eeue verskeie volksgroepe met ŉ eie taal en kultuur hetsy homogeen of heterogeen mekaar in agtereenvolgende lae oorvleuel het, 2) en waar oorvleueling geskied het, hetsy vreedsaam (homogeen) of botsend (heterogeen) van aard, daar het wedersydse beïnvloeding hom laat geld en ook sy stempel op die naamgewing afgedruk, enersyds om oorspronklike plekname heeltemal uit te wis en deur nuutskeppinge te vervang en andersyds om name gedeeltelik te behou, te vertaal of om te vorm en selfs buite herkenning te vermink.

Waar ons dan die naamgewing van ŉ landsdeel ondersoek, het ons nie alleen met die taal te doen nie maar ook met die leefwyse van die betrokke volksgroep, want waar die oorsprong van ŉ pleknaam hoofsaaklik betrekking het op die taal van die volksgroep, daar het die aard en ontstaan weer betrekking op die leefwyse.

1. Oorsprong. In Tabel 1 word die oorsprong van plekname in Noord-Kaapland volgens volks- en taalgroepe aangedui. Hiervolgens is die oudste plekname van Boesmanoorsprong en die jongste van blanke oorsprong.3)
2. Ontstaan. Die ontstaan van plekname berus by die leefwyse van die volksgroep d.w.s. die volksbedrywe, volksaard, volksgeloof, geloof (insluitende Bybelname) en plekname van ŉ algemene aard (topografie, bodemgesteldheid en plantegroei) met dien verstaande dat laasgenoemde direk en indirek op die volksbedrywe betrekking het.
3. Aard. Die reeks eenhede opgestel volgens die naamlyste dui die aard van die plekname aan en hiervolgens is die plek- en plaasname van Noord-Kaapland en die aangrensende streke ingedeel.

---

1. David Bidney: Theoretical Anthropology, p. 4.
2. Vergelyk Hoofstuk I.
3. Die oorsprong van plekname word in Hoofstuk III behandel.

TABEL 1.

| Volk en Taal:- | Boesman | Saan | Nama | Korana | Bantoe (Tswana) | Griekwa | Baster | Blank Afrikaans Engels Duits |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A. VOLKSBEDRYWE | | | | | | | |
| Versamelkuns | ? | ? | ? | ? | X | | | |
| Jagbedryf | ? | ? | X | X | X | X | X | X |
| Veeboerdery<br>[illegible]es | | | X | X | X | X | X? | X |
| Skaap | | | X | ? | ? | | | X |
| Bok | | | ? | X | X | | X? | X |
| Allerlei | | | | | | X | | X |
| Water/Weiding | ? | ? | X | X | X | X | X | X |
| Akkerbou<br>Mielies | | | | | | | | X |
| Koring | | | | | | X | ? | X |
| Vrugte | | | | | | X | | X |
| Diverse | | | | | X | | | X |
| Mynwese<br>Primitief | ? | | ? | X | X | X | | |
| Diamante | | | | | | | | X |
| Goud | | | | | | | | X |
| Yster | | | | | | | | X |
| Asbes | | | | | | | | X |
| Diverse | | | | | | | | X |
| Huishoudelik | | | | | | | | |
| Handel<br>Smous (ruil) | | | | | | X | | X |
| Diverse | | | | | | | | X |
| | | B. VOLKSAARD | | | | | | |
| Volksvernuf en Volkshumor | | | | | X? | X | | X |
| Hoop/Wanhoop | | | | | | | | X |
| Tevredenheid | | | | | | | | X |
| Besitreg en Verering | | | | | X | X | X | X |
| Historiese gebeure | X | ? | X | X | X | X | X | X |
| | C. VOLKSGELOOF en GELOOF | | | | | | | |
| Volksgeloof | | | | | X | X | | X |
| Mitologie | X | ? | X | X | X | | | |
| BYBELS | | | | | | | | X |
| | | D. ALGEMEEN | | | | | | |
| Plantegroei | | | X | X | X | X | X | X |
| Topografie | X | ? | X | X | X | X | X | X |
| Bodemgesteldheid | X | ? | X | X | X | X | X | X |
| Uitheems | | | | | | | | X |
| Totaal | 4 | ? | 9 | 10 | 15 | 15 | 9 | 28 |

Ondersoek ons nou die aard en ontstaan van plekname by die verskillende volksgroepe, word die verloop van sake duidelik.

DIE BOESMAN.

Hierdie primitiewe ras was jagters en versamelaars van veldkos en die waterbron was die meddelpunt van hulle bedrywighede. Hulle het 'n wonderbaarlike kennis van die wildsoorte gehad soos ook uit hulle mitologie blyk, terwyl alle soorte veldkos aan hulle bekend was. Uiteraard sou elke stamgroep sy woongebied haarfyn geken het met die gevolg dat elke verhewenheid, bult, duin en rand, elke laagte, vlei en sloot waar veldkos bekombaar was of 'n wildsoort gehou het, bekend was en met 'n naam onderskei is. Volgens oorlewering was dit die geval in Noord-Kaapland. Dit is tans nog die geval in die Kalaharie waar verskeie stamgroepe vryheid van beweging geniet. So skryf Elisabeth Thomas: „Each group also knows its own territory very well; although it may be several hundred square miles in area, the people who live there know every bush and stone, every convolution of the ground, and have usually named every place in it where a certain kind of veld food may grow, even if that place is only a few yards in diamater, or where there is only a patch of tall arrow grass or a bee tree, and in this way each group of people knows many hundred places by name." 1)

In sulke omstandighede kan verwag word dat daar in Noord-Kaapland etlike honderde Boesmanplekname moet wees. Die teenoorgestelde is egter waar en die aantal bekende name kan op die vingers afgetel word. Die rede hiervoor is maklik om te verklaar: drie dinge was vir die Boesman van lewensbelang nl. die wild wat hulle gejag het, die veldkos wat hulle versamel het en die waterbron.

Waar vreemde volksverhuisers in die Boesmangebied die Boesman toegang tot hierdie bronne verbied het, het 'n bittere stryd ontstaan wat gewoonlik daarop uitgeloop het dat die Boesman òf verjaag òf uitgewis is. 2) Die gevolg was dat die nuwelinge òf weens hulle onkunde van die Boesmanspreekwyse òf weens hulle minagting en haat vir die Boesman, plekname van Boesmanoorsprong oor die hoof gesien het en hulle eie name aan plekke gegee het.

Slegs 'n paar Boesmanplekname is vandag nog bekend o.a. Ky Ky, Keang, Korkham, 'Go-'koo-lume, 'Ker-by-'kaam en Gong-Gong, en selfs by hierdie name kan omvorming bespeur word. Nogtans, dit is duidelik dat historiese gebeure ('Go-'koo-lume) en mitologie (Keang) die aard en ontstaan van die name weerspieël terwyl aangeneem moet word dat die volksbedrywe die ontstaan van honderde name as gevolg gehad het, alhoewel daar vandag geen naam in dié afdelings bekend is nie.

DIE SAAN.

Met die Saan was dit nie beter gesteld nie. Oppervlakkig beskou

---

1. Elizabeth Thomas: The Harmless People, p. 10.
2. Vedder: S.A. Journal of Science, XXXIV, p. 435;
Van Vreeden: Wedersydse Beïnvloeding van Kulture, pp. 5-7.

was daar geen verskil tussen die Saan en die Boesman nie, maar die Saan was bloedbroers van die Nama en het heelwaarskynlik 'n Nama-dialek gepraat. As gevolg van hulle leefwyse het hulle met die Boesmangroepe van die Middel-Oranjerivier verbroeder en mettertyd van die toneel verdwyn. Daar bestaan geen plekname wat aan hulle toegeskryf word nie. Dus word hulle verder buite rekening gelaat.

DIE NAMA EN KORANNA.

Volksbedrywe: Die volksbedrywe by die Nama en Koranna was homogeen en behalwe dialektiese verskille in hulle spreekwyse kan hulle, wat die aard en ontstaan van plekname aanbetref, saam behandel word. Hulle was beesboere maar het ook skaap (Nama) en bokke (Koranna) in klein hoeveelhede aangehou. Die beesdier was derhalwe die sleuteldier in hulle lewensbestaan en die welvaart van die beeskuddes het ook die welvaart van die stamgroep verseker. Dit is egter opvallend dat alhoewel die beesdier so 'n belangrike plek in hulle leefwyse vul, daar baie min plekname direk met die naam van die beesdier (gamab/gomab) gekoppel word soos in die geval van Kakamas (≠ka-gamas). Die leemte word maklik verklaar daar beide die Nama en die Koranna die droër gebiede van ons land bewoon het: die Nama in die landsdeel met minder as 5 dm. reën jaarliks en die Koranna waar die reënval wissel van 10 tot 15 dm. jaarliks. Gevolglik was die welvaart van die beeskuddes afhanklik van goeie weiding en water en die waterbronne, hetsy kuil of kolk, fontein of graafwater, was belangrike sleutelpunte. Elke waterbron, hoe klein ookal, is deur hulle met 'n naam onderskei, en wat treffend is, is dat hulle duidelik onderskei het tussen die soorte waterbronne: die aard daarvan word in die naam weerspieël.

Noukeurige ondersoek het aan die lig gebring dat daar 'n duidelike verskil bestaan tussen die name van waterbronne in die westelike gebied teenoor sulke name in die oostelike gebied. Hierdie verskil het egter geen verband met die dialektiese verskille in die spreekwyse van die Nama en Koranna nie maar dit staan in nou verband met die topografie en klimaatsfaktore.

In die Khoisan-spreekwyse word water en waterbronne met die volgende woorde omskryf: !ab, /aus (/ous), //gami, /hâs en xora. Elkeen van hierdie benaminge, hetsy in suiwer vorm of in afleidings daarvan, het vir die Khoisansprekende 'n spesifieke betekenis, naamlik:

!ab. 1. Droë waterloop wat aan 'n rivier herinner soos dit veral in Boesmanland en Namakwaland voorkom.
2. Fontein in 'n droë waterloop.
3. Sloot/spoelsloot (hoofsaaklik Kora en Griekwa).
4. Fontein; watergat (= kolk) - beide met 'n taamlike standhoudende water en waar 'n waterloop onderskei word.
5. Vleie en fonteine (kuile) in vleie (hoofsaaklik Kora; Griekwadialek).

/aus (/ous): Standhoudende fontein waarin ook die waterslang sou woon (mitologie) maar waar die water wel gebruik word.

//gami: Oopwater, ook fonteinwater wat van ŉ oog wegvloei en verderweg opdam. By die Koranna hoofsaaklik ŉ tweede lid in samestellings.

/hâs: Baarmoeder (analogie), ŉ sterk standhoudende fontein. ŉ Seldsame gebruik waarin die vrugbaarheidsidee deurskemer.

xora: Graafwater (Afr. gorra, gorras).

Word die name van die waterbronne aan ons bekend ontleed, is dit opvallend dat name soos !ab, /aus en xora asook samestellings met die woorde hoofsaaklik wes van die lyn Marydale - Upington - Askham voorkom, d.w.s. Wes-Gordonia, Boesmanland en die westelike Karoo terwyl //gami en meer selde xora oos van dié lyn voorkom (Kaart 9). So byvoorbeeld het ons in die westelike gebied name soos Geiab, Obobogorop, Gorgas en Ghous 1) terwyl //gami selde voorkom (bv. Kamas - Wikar). Oos van die lyn tref ons hoofsaaklik //gami aan veral in samestellings soos !ari-//gama en xati-//gama terwyl /aus selde voorkom. !ab op sy beurt het ŉ meer eweredige verspreiding oor die hele gebied, d.w.s. naas die !ab-name van die weste bestaan daar ŉ paar van Koranna-oorsprong in Griekwaland-Wes. Daarbenewens het ons die benaming ≠gab (= watergat of holte) wat meerendeels in die Gemsbok-Wildtuin voorkom.

Name van standhoudende riviere word nie in die afdeling verteenwoordig nie aangesien die Khoisansprekendes sulke riviere met besondere name onderskei het, byvoorbeeld: !garib (Gariep), /nu-!garib. ky-!garib, e.s.m.

Merkwaardig is die feit dat hierdie onderskeiding van soorte waterbronne wat die aard daarvan aandui, ook in die naamgewing van die latere volksverhuisers - die Griekwa, Basters e. die blankes - weerspieël word. So bestaan die benamings rivier en kolk vir droë waterloop en watergat onderskeidik hoofsaaklik in die weste terwyl fontein (= //gami) volgens Koranna gebruik hoofsaaklik in die oostelike landsgebied voorkom (Kaart 9). Met ander woorde, die //gami-name neem af hoe verder mens weswaarts gaan terwyl die !ab-, /aus- en xora-name weer in ŉ oostelike rigting afneem. 2)

Die Khoisangroep het ook skape en bokke aangehou; die Nama: vetstertskape, en die Koranna: bokke. So bestaan daar enkele plekname wat na hierdie diere verwys, naamlik: Goodhouse (Nama: gudaos = skaapdr[illegible]) en Prieska (Kora: berisga.= verlore bokooi).

Die jagbedryf wat sekondêr was, word weerspieël in ŉ paar plekname soos Geisemap (Gemsbokpan), Aries (steenbok) en Seekoeisteek (ŉ vertaling).

Die ander volksbedrywe is swak verteenwoordig. Daar is geen plekname wat betrekking op die akkerbou het nie, wat volkskundig korrek is, terwyl die mynwese indirek skakel met name soos T'Goay'pa (Postmasburg) waar blinkklip verkry is en Nougatpas waar oker in die berge gegrawe is.

1. Khoisanplekname wat reeds as plek- en plaasname ingeburger is, word deurgaans met hoofletters geskryf, bv.: Prieska, Keimoes, e.s.m.
2. In Griekwaland-Wes het baie van die //gami-name oor die jare heen verlore gegaan, maar die vertaalde name is behou soos Klaarwater.


**KAART 9**

**NOORD-KAAPLAND**

**VERSPREIDING VAN KHOISAN-WATERNAME**

- ◓ !ab
- ▲ /ams
- ⊕ xora(b)
- △ ≠gab
- ⊙ //gami

Kaart deur B.F. van Vreeden.



**Author:** Van Vreeden Barend Frederick
**Name of thesis:** Die Oorsprong en Geskiedenis van Plekname in Noord Kaapland en die Aangrensende Gebiede. 1961

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.